KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion
Jaargang 51 Nr 39 1 Nov 2026

Verkiesing

Die lewe is elke dag vol keuses. Vandat ons opstaan totdat ons gaan slaap moet ons keuses maak. Sommige keuses is belangriker is ander. Hierdie week gaan ons egter verkiesing hou. Ons as mense moet ‘n keuse maak oor wie sal regeer. Soos elke verkiesing deur die geskiedenis, is hierdie die belangrikste verkiesing nog, of ten minste so word beweer.

Dit is omdat die wêreld nie weet van die belangrikste verkiesing wat ooit plaasgevind het nie, die uitverkiesing. Die konsep van verkiesing bly maar altyd kontroversieel. Daar is telkens ‘n kwessie of al die stemme reg getel is en wie nou eintlik moet regeer.

In God se regering en in sy verkiesing is dinge ook nie altyd so eenvoudig nie. Dit is nie omdat ons twyfel in God se regering nie, ons weet Hy is en bly Koning vir ewig. Dit is egter met die uitverkiesing dat dinge soms onregverdig voel. Hoe kan God van ewigheid af slegs sekere persone verkies om aan Hom te behoort? Beteken dit dan dat sommige mense nie goed genoeg is vir God om hulle te kies nie? Hoe kan God se liefde mense uitsluit?

Elke gelowige het al met hierdie moeilike vrae geworstel. Dit is ook verstaanbaar omdat ons vanuit ons menslike perspektief na God kyk en dan nie alles verstaan en sien nie. Wanneer ons God leer ken, en sy hart vir sondaars leer ken, dan verander die prentjie. God is nie onbetrokke en afwesig nie, Hy word self deel in die skepping.

Hy stuur sy geliefde Seun om self mens te word, om al die sonde te dra en die straf van die tot niet te maak en die mag van die sonde te breek. Dit is geen “*geheim*” nie, dit is die evangelie. Dit is die boodskap van God se liefde, maar mense verwerp dit. Mense glo dit nie. Mense ag dit nie kosbaar nie. Dit is nie God wat onbarmhartig is nie, maar eerder die mens wat kieskeurig is. Mense trek sommer gou hul neuse op as iets nie na hul sin is nie.

Dit is juis daarin wat God se liefde bekend word. Dat Hy sondaar harte nuut maak. Dat Hy self ons onwillige en verharde harte sag maak, en op Hom rig.

“*Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.”* Joh 15:16

Lourens (vdm)

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYE
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
Kantoorure: ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00

- -

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

KATKISASIE: **Vandag**: Les 24, Ps 146-1:1,3 Volgende week: Les 25, Ps 146-1:1,3

KLEUTERKLAS: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
(Janneke Wessels – 071 898 5900)

Dienspersoneel

Datum	Wyk	Ouderling	Afkondigings	Diaken	Klank	Projektor	Video Uitsending
01-Nov	B11	Bennie Kotzé	Jan Erasmus	Morkel Johl	Ronell Hoogenboezem	Nicolai vd Merwe	Johan Hoogenboezem
08-Nov	B12	Petri Pienaar	Pieter Wolmarans	Pierre Struwig	Louise van Niekerk	Adrian v Niekerk	Luan van Niekerk

KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens)

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Kerkkas** (by die deure)

Volgende week: **Sustentasiefonds**

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

Verjaarsdae

Belydende lidmate

1-Nov	Tryna	Cronje	A16	0837258111
3-Nov	Janine	Grobler	C07	0840749471
	Hannes	vd Berg	A05	0833761506
4-Nov	Rochelle	Bloemhof	A13	0763286939
	Esther	Hoffmann	A02	0832001907
	Jan	vd Walt	A10	0832929003
6-Nov	Martie	Erasmus	C04	0828176917
7-Nov	Jors	Groenewald	A17	0833816454
	Tillie	Kamper	B10	0832578768
	Nikita	vd Walt	A10	0768214871

Dooplidmate

1-Nov	Lienke	vd Walt	A10	0768214871
2-Nov	Annick	Nel	B01	0828800797
4-Nov	Hannah	Brits	B15	0827821416

Ons gee om vir Mekaar

"...God ontferm Hom oor ons." *Ps. 116:5*

- Petro du Plessis het 'n oogoperasie ondergaan (A7 – 0609851510).
- *Meelewing* word betuig met:
  - Johan en Ronell Hoogenboezem en familie na die afsterwe van Johan se Broer verlede week.
  - Leon en Petro Lourens en familie na die afsterwe van Leon se moeder Christine (oud-lidmaat) gedurende die week.

Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Alethea Outreach 11:00

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Bernina @ Saxby—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

Huiskontrakteur – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; plaveisel; teëlwerk; waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Verkoop u, u huis? Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Eljada Huis

Waar die HERE sorg en voorsien!

Eljada verkoop koekies!

Volledige lys is op die kennisgewingbord.

Skakel gerus vir

Petro 012 377 0503/0670846792

Manne in Christus

Alle manne, dit is pa's, oupas, broers, seuns, swaers, ooms en neefs word uitgenooi na die manne-dag:

21 Nov

08:00 tot 12:00

Kom gesels, deel en bid saam.

Sien julle daar!

Ná die oggenddiens word gevriesde **pannekoekdeeg** @ R50 vir 2 liter en @ R100 vir 5 liter verkoop.

Rooibok droëwors @ R140 vir 500g en bees bene @ R40 per pak.

Ons gaan DV volgende Sondag terugvoer gee oor die bazaar.

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

1 Nov
Lize Dekker B3
Louise van Niekerk B4

8 Nov
Hester van der Merwe B5

Wilmarie Rheeders B8

Senior Funksie

Spitbraai

Alle senior lidmate (65 +) word hartlik uitgenooi na die Senior Funksie

November

Saterdag **7** 11:00

2026

Kerkterrein, Basdenlaan

RSVP: Kerkkantoor 012 664 2614 of
Karen Rebel 084 610 0170
teen Dinsdag 3 November

Phone : 051 553 0086
Cell : 082 854 1430
JacoW@reddersburgkinderhuis.co.za

PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS
Reddersburg

22 Oktober 2026

Betref: Versoek om finansiële ondersteuning aan die President Kruger Kinderhuis

Geagte Kerkraad en gemeente van Centurion:

Die President Kruger Kinderhuis in Reddersburg bied 'n veilige, stabiele en ondersteunende tuiste aan ongeveer 60 kinders wat weens verskeie omstandighede nie in hul eie gesinsverband kan grootword nie. Dit is ons voorreg en verantwoordelikheid om hierdie kinders nie net van hul basiese behoeftes te voorsien nie, maar ook om hulle emosioneel, opvoedkundig, sosiaal en geestelik te begelei sodat hulle met hoop en selfvertroue hul toekoms tegemoet kan gaan.

Ongelukkig ondervind ons tans groot finansiële uitdagings as gevolg van verhoogde voedsel en brandstof pryse. Die ekonomiese situasie in die land veroorsaak ook dat ons kleiner donasies kry as gewoonlik.

Ons wend ons graag tot u as kerkraad met die versoek om die finansiële posisie van die Kinderhuis onder u gemeente se aandag te bring en ons te help om die nodige ondersteuning vir hierdie belangrike werk te bekom.

Die Kinderhuis ontvang wel 'n staatsubsidie, maar hierdie subsidie is nie voldoende om al die noodsaaklike uitgawes te dek wat met die versorging van ons kinders gepaardgaan nie. Die koste van voedsel, klere, elektrisiteit, water, vervoer, mediese uitgawes, instandhouding van geboue, skoolbehoeftes en ander daaglikse noodsaaklikhede plaas voortdurend druk op ons begroting.

Ons is daarom in 'n groot mate afhanklik van die goedhartigheid en ondersteuning van kerke, gemeentes, besighede en individue wat saam met ons 'n verskil in die lewens van hierdie kinders wil maak. Hoewel ons dankbaar is vir elke skenking wat ons ontvang, bly daar steeds 'n behoefte aan meer volhoubare en gereelde finansiële ondersteuning.

Ons wil u daarom vriendelik versoek om die volgende moontlikhede van ondersteuning met u gemeente te oorweeg:

1. **Eenmalige finansiële skenkings:** Enige bedrag, groot of klein, help ons om in die kinders se daaglikse behoeftes te voorsien.
2. **Maandelikse finansiële bydraes:** Ons wil graag gemeentes en lidmate aanmoedig om 'n vaste maandelikse bydrae te oorweeg. Gereelde bydraes help ons om ons begroting beter te beplan en meer sekerheid te hê oor die finansiële middele wat beskikbaar is.
3. **Debiet order bydraes deur lidmate:** Lidmate wat graag die Kinderhuis deurlopend wil ondersteun, kan 'n maandelikse debiet order teken vir 'n bedrag waarmee hulle gemaklik is. Selfs 'n bydrae van R100 per maand kan oor tyd 'n betekenisvolle verskil maak.

Uittreksel van versoek ontvang van President Kruger Kinderhuis Reddersburg - volledige skrywe op kennisgewingbord.

President Kruger Kinderhuis Reddersburg

Saam kan ons meer doen!

Ons gee om

Debietorder-werwingsvorm

MAANDELIKSE ONDERSTEUNING MAAK 'N VERSKIL

Ja, ek wil graag 'n maandelikse bydrae maak aan die President Kruger Kinderhuis in Reddersburg deur middel van 'n debietorder. Ek verstaan dat my bydrae 'n groot verskil kan maak in die lewens van die kinders.

1. Persoonlike besonderhede

Naam en van: _____

ID-nommer: _____

E-posadres: _____

Selfoonnommer: _____

Posadres: _____ Poskode: _____

2. Bydraebedrag en -frekwensie

Ek wil 'n maandelikse bedrag van:

☐ R100 ☐ R250 ☐ R500 ☐ Ander: R _____

(Kies asseblief een)

Aftrekkingsdatum: ☐ 1ste ☐ 5de ☐ 10de ☐ 15de ☐ Ander: _____

3. Bankbesonderhede (vir debietorder)

Banknaam: _____

Tjekrekeningnr.: _____ Takkode: _____

Rekeninghouer (naam): _____

Verwysing (opsioneel): _____

4. Magtiging

Ek magtig die President Kruger Kinderhuis om, vanaf die datum van ondertekening van hierdie vorm, 'n maandelikse bedrag van my rekening af te trek soos hierbo aangedui. Ek verstaan dat ek hierdie magtiging te eniger tyd kan kanselleer deur skriftelik kennis te gee.

Handtekening: _____ Datum: _____

5. Belangrike inligting

- Hierdie debietorder is 'n vrywillige bydrae.
- U kan enige tyd die bedrag verander of die debietorder kanselleer.
- Die President Kruger Kinderhuis behou die reg voor om die debietorder te beëindig indien daar onvoldoende fondse in die rekening is.

Dankie dat u deel word van ons kinders se toekoms!

Kontak ons gerus indien u vrae het of hulp nodig het om die vorm in te vul.

082 854 1430

JacoW@reddersburgkinderhuis.co.za

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 09:00

Ikabod

Skriflesing:
1 Samuel 4: 1-22 (2020)

Teksvers:
1 Samuel 4: 20-22

Sing:
Ps. 9:1,7,10
Ps. 60:1,3,4
Ps. 146:1,3,8
Sb 5-3:1,2,5
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

God is nie ‘n gelukbringer nie. Ons kan nie ons godsdiens of geloof aanwend om voorspoed te bewerk nie.

Dit is ongelukkig wat in sommige mense se lewens gebeur. As Israel teen die Filistyne verloor op die slagveld, dan bring hulle “God” na die slagveld toe, by wyse van die verbondsark. Die gejuig is geweldig asof Israel gewen het, maar die geraas is leeg. Dit beteken niks. Die slag word verloor en die ark word weggevoer.

As Phineas se vrou verneem van die verlies, gee sy geboorte, maar daar is geen vreugde nie. Ikabod, die eer is uit Israel weggevoer...

SONDAGAAND 18:00

God se absolute vryheid vra 'n ware godsdiens van jou

Skriflesing:
Kolossense 1:1-23 (1983)

Teksvers:
Kolossense 1:15

HK: Sondag 35

Sing:
Ps. 107: 1,10
Ps. 81:9,10
Sb 10-2
Ps. 115:3,4,5
Sb 13-3

Ds Christo Swanepoel

Hoofpunte:

1. God se absolute vryheid.
2. God se vryheid aangetas.
3. God se vryheid bely.

"Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping."

Kolossense 1:15